

**Slegs die HERE maak die pad oop na jou bestemming – glo in Hom!**

**J**osua en die Israëliete se trekkpad het hulle uiteindelik aan die oostekant van die Jordaanrivier, in die omgewing van die stad Jerigo, gebring. Oorkant die rivier wink die beloofde land. Die andersins klein stroompie water van die Jordaan is nou 'n ondeurgaansbare bruisende stroom, want dit is Aprilmaand (Jos 4:19), en die sneeu op die Hermongebirge is besig om te smelt. Vir drie dae lank laat die HERE sy volk as 't ware vaskyk teen die kolkende watermassa. Hulle moet besef dat geen mens vanself die grens na hulle bestemming kan oorsteek nie. Nou vra dit geloof in die HERE, God van die verbond. Hy is ook "Here van die hele aarde," dit wil sê, die Meester, Gebieder, wat die natuur beheer. Sy verbondsark, die teken van sy teenwoordigheid, word die bruisende stroom ingedra en die aankomende waters gaan staan soos 'n wal, terwyl die ander wegvloei! Die HERE God het self die pad oopgemaak na sy volk se bestemming. Hy is die God wat wonders doen. Hy het sy almag betoon sodat die volk in Hom moet glo! Hoe heerlik word die HERE ons God se genade en bemoeienis met sondaarmense nie in hierdie geskiedenis geopenbaar nie!

Kyk, jy is gedurende die koninkrykstyd op pad deur hierdie wêreld na jôu beloofde land – die lewe tot in ewigheid op die nuwe aarde. Daar is egter vir jou as mens 'n onoorbrugbare versperring: die rivier van die sonde, wat die ewige dood inhou. (HK So. 52:127 verwys na "ons doodsnyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur ..."). Wat 'n wonder van genade dat die HERE sy eie Seun stuur om versoenend die dood in jou plek in te gaan (soos die ark die Jordaanwaters in)!

Is dit nie 'n wonder van God se almag dat Hy vir Jesus Christus opwek uit die dood, sodat jy die ewige lewe kan ontvang nie? Hoe maak die HERE nie self die pad vir jou oop nie! Maar dit vra geloof in Jesus Christus (Joh 14:1). Daarom stuur God sy Heilige Gees om geloof in jou hart te wek.

Ja, slegs die HERE maak jou pad oop na jou eindbestemming – glo in Hom!

*Sing: Psalm 66:3, 4*

*Ds. RL Vorster (Emeritus)*